DEEL 115 | WEEK 12 | 24 MAART 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

OP BLADSY 3



*Ongeveer 80 betogers het deelgeneem aan die optog, terwyl dit wou voorkom asof daar amper meer SAPD-lede as betogers was.*

OP BLADSY 3




*Heilbron is steeds gesluit, maar motoriste in Petrus Steyn en distrik hoef nie meer ver te ry om hul lisensies te hernu nie.*

OP BLADSY 4




*Leerders van Hoërskool Heilbron se 2022 matriekklas het onlangs onderskeidings ontvang nadat hulle van hul vraestelle laat hermerk het.*

OP BLADSY 6



*Rudi wen al sy voorafwedstryde en toe met die finaal Sondag, word dit 'n riller van 'n wedstryd. Na twee stelle eindig hulle gelykop.*



# GEMEENSKAP IN ROU

## *Jong boer verongeluk*

Die gemeenskap van Heilbron is in diep rou na die afsterwe van Louis van der Westhuizen (24), wat Saterdagoggend tragies oorlede is. Louis is die jongste van vier seuns van Bertus en Louise van der Westhuizen. Hy het in 2017 aan Hoërskool Heilbron gematrikuleer, waarna hy meer ondervinding in boerdery oorsee gaan opdoen het. Louis sou vanjaar sy eerste oes self stroop voor die tragedie sy lewe kortgeknip het.

Louis en sy vriend Johan Strydom, is Vrydagaand omstreeks 12 uur na Strydom se huis toe na 'n uiteet saam met ander vriende op die dorp. Die beplanning was om die volgende oggend Johan se rampartytjie te vier. Louis sou strooijonker wees vir die troue wat op 1 April gehou word.

'n Vriendin het voor die twee mans op die Greenlands-pad gery en ná 'n ruk omgedraai toe sy nie meer Louis se Isuzu bakkie sien nie. Sy het op die ongelukstoneel afgekom en dadelik hulp ontbied. Strydom is nie ernstig in die ongeluk beseer nie, maar hulle het 'n ruk na Louis gesoek, wat 'n ent voor die bakkie gelê het. Hy was reeds oorlede toe hulle hom kry.

Dit wil voorkom of hy van die pad af gery het en toe hy die bakkie terug op die pad stuur, die ongeluk plaasgevind het. Die rand van die teerpad is redelik hoog en kon moontlik die bandvellings beskadig het.

Louis was 'n pragtige mens met 'n hart vol liefde en omgee vir ander. Hy was 'n goeie luisteraar en het graag geselsies met sy vriende aangeknoop. Louis sal onthou word vir sy lewenslus, vir die in murg en been boer wat hy was en goeie broer en vriend. Sy lewe was kort, maar sy invloed op die gemeenskap en sy vriende sal lank onthou word. Sy tragiese dood het 'n leemte in die gemeenskap gelaat en sy afwesigheid sal 'n groot leemte in die harte van sy geliefdes los.

Die gemeenskap van Heilbron rou saam met die familie en vriende van Louis van der Westhuizen, en bid dat hulle vrede en vertroosting sal vind tydens hierdie moeilike tyd.

Louis se gedenkdiens en teraardebestelling vind Dinsdag 28 Maart om 14:00 plaas by die Vegkop Feesterrein.











# Uit die pen

## Week 12 van 2023

Ek is mal oor radioverhale. Dalk is dit 'n oorblyfsel uit die Springbokradiodae waar ek na al die stories geluister het terwyl ek kleintyd huiswerk gedoen het. Smiddae het my ma my by die busstop gaan haal. By die huis het ek my skoolklere verruil vir iets gemakliker. Ek het my middagete geëet en begin met my huiswerk. Dit was van vroeg af al lekker om huiswerk te doen. Ja, ek weet dis effens af, maar dit was regtig vir my lekker.

Net nà etenstyd het ek die kombuisradio na my kamer toe gevat. Langs my bed was my lessenaar, stoel en studeerlamp. Ek was dan net-net betyds vir die stories.

Ek kan onthou dat die lugdraad van die radio een mooi dag vasgevang geraak het in die skrefie tussen die deur en die kosyn, en ek dit in die proses morsaf gebreek het. My gryse ou vader het dit darem kon regmaak, want my pa kon alles doen.

Ek het my verlustig aan die radiostories. En nou nog.

Die Afrikaanse radiostasie het steeds radioverhale, of dit nou vervolgverhale is of radiodramas. Ek geniet dit om daarna te luister terwyl ek skottelgoed was of besig is met sleurwerk in my kantoor. Soms gaan potgooi ek vorige stories. Ek het ook al my hand aan drie radiodramas gewaag, maar sonder sukses. Watch this space.

Ampie deur Jochem van Bruggen is tans op Radio Sonder Grense te hoor. Ek het dit nie van die begin af gevolg nie, en hierdie naweek het ek besluit om daarna te luister terwyl ek besig was met huistake. Ek kon nie verby die eerste episode kom sonder om trane af te vee nie.

Arme Ampie ly onder sy kwaai pa, Goor Dawid Nortjé. As jou naam alreeds "Goor" is, kan jy net dink hóé kwaai hy met sy kind is. Die Ampieverhale het vir die eerste keer op 10 Desember 1921 verskyn. Uiteindelik was daar drie dele hiervan, genoem die "Ampie Trilogie".

Ek was baie ontsteld oor Ampie se pa, amper net soveel soos wat "Het van Verlangekraal" se ouers my onstel het. Dit breek my hart dat ouers nie lief is vir hulle kinders nie, of hulle sleg behandel.

Ons lees van ouers wie hulle kinders mishandel het, daar is berigte oor pa's wat hulle kinders buite met 'n tuinslang afspuit en hulle buite laat staan totdat hulle droog is. Dit in die middel van die winter.

Ek lees van 'n ma in Virginia in die Goudveld wat haar dogtertjie gebyt het. Wat presies gaan fout in jou kop?

Kan julle die blondekoppie, Poppie van der Merwe, onthou? Haar ma en stiefpa is albei lewenslange vonnisse opgelê vir haar mishandeling, wat uiteindelik haar lewe geëis het. Albei is onbevoeg verklaar om weer kinders te hê. Nice try, dink ek. En wie gaan hulle keer? Ek weet nie hoe enige iemand steeds na dié twee skarminkels as "ma" en "pa" kan verwys nie, want hulle verdien dit beslis nie.

Die driejarige Poppie is op 25 Oktober 2016 in die hospitaal in Brits by aankoms dood verklaar. Sy het 'n harde hou teen haar kop gehad wat erge bloeding en drukking in haar brein veroorsaak het. Sy het ook oor 'n tydperk voor haar dood veelvuldige beserings opgedoen wat nie per ongeluk kon wees nie.

Die beserings, is in die hof getuig, was veroorsaak deur verskeie stomp voorwerpe soos 'n mens se hand of vuis of skoen. Sy het ook ander merke op haar lyfie gehad wat sy kon opdoen toe sy gewelddadig geskud is. Wanneer Poppie bewusteloos was van al die aanrandings, het haar ouers haar net gelos, en vir mekaar gesê dat sy "dood speel". Watter driejarige "speel dood"? Aldus getuienis in die hof.

Hulle is ook aangekla en gevonnis vir die aanranding op 'n vyfjarige seun.

Ek het nie my eie persoonlike kinders nie. Ek sou graag wou hê, maar die Here het ander planne gehad. Daar kom dae waar ek dit mis.

Hoe kan ek iets mis wat ek nooit gehad het nie, wonder jy? Ek het ses van my ouers se kleinkinders se doeke aangesit en met hulle gespeel. Hulle gebad en gevoer. Hulle liefde ervaar en saam met hulle gelag.

Ek weet presies wat ek nie gekry het nie.

Hoe op aarde kan ouers dan hulle kinders so mishandel, wonder ek? Ek huil vir Ampie, wat nie eers van beter weet nie. Ek lees nie meer berigte oor mishandelde kinders nie, want ek kan nie ophou huil nie.

Hoe op aarde het jy kinders maar jy kan nie eers die mees basiese ding, om hulle veilig te laat voel, doen nie? Dit slaan my dronk.

Iemand naby aan my het eendag vir my gesê dat sy verstaan waarom die Here nie vir my kinders gegee het nie: want ek is te kwaai, ek sou met hulle geraas het wanneer hulle lekkergoedpapiere rondstrooi.

Maar dis deel van die opvoedingswerk!

Ek kan terugkyk na min of meer elke liewe pakslae wat ek in my lewe gekry het. Dit was nie lekker nie, en soms was dit dalk nie wat ek gedink het ek verdien het nie. Vandag kan ek egter onderskei tussen reg en verkeerd.

Maar as jy jou kind mishandel het, en dalk nog doodgeslaan het, hoe leef jy met jouself saam? Dalk verstaan ek min van ouerskap, maar ek kan onthou dat my gryse ou vader, so twee maande voordat hy dood is, vir my verskoning gevra het vir onregte wat hy moontlik teenoor ons kinders gepleeg het. Dit was glad nie nodig nie, wat ek kan nie onthou van enige onreg nie. Ek kan net onthou van 'n liewe pa wat my gewiks het wanneer ek effens uit my baan was.

Hierdie week se les gaan oor jou en jou kinders. Wees lief vir hulle. En as jy hulle te na gekom het, vra maar verskoning. Moet asseblief nie vir Ampie of vir Poppie laat herleef nie.

Ouerskap is 'n voorreg, nie vir almal beskore nie.

# Down Syndrome

• *Heilbron Kliniek*

**What is Down Syndrome?**

Down Syndrome, also called trisomy 21 or mongolism, is a chromosomal disorder (problem in the material in each cell of the body that determines what a will be and look like) usually resulting in mental retardation and characteristic physical signs or problems.

**What Causes Down Syndrome?**

The exact causes of Down Syndrome are not completely understood, but it occurs in approximately 1 in 800 live births. Increased maternal age has been found to have an impact on the incidence: For mothers younger than 20 years, the incidence is about 1 in 2000; for mothers older than 40 years, it rises to about 1 in 40.

A test is available (amniocentesis) that can be done at about 4 months of pregnancy to see if the child will have Down Syndrome.

**Signs of Down Syndrome.**

Please Note: Not all the children with Down Syndrome will have all these signs.

- At birth, the baby seems floppy and weak.
- The baby does not cry much.
- The baby is slower than other babies of her age to turn over, grasp things, sit up, walk, talk etc.
- When suddenly lowered, the baby does not react by spreading her arms as a normal baby does.






- Eyes slant upwards; sometimes the child will be cross-eyed or have poor sight
- Ears are low.
- Small mouth which hangs open, the roof of the mouth is small and narrow and the tongue may hang out.



- A fold of skin covers the inner corner of the eyelid.
- Eyelids may be swollen and red.
- The iris of the eye may have little white specks, like sand (these usually go away by 12 months of age).



- Hands are short and wide with short fingers. The little finger may be curved, or have only one fold.
- One deep crease across the palm (sometimes in normal children too).



- Short or small head which may be wide and flat at the back.
- Sometimes dislocated hips.



- Flat face.
- Small nose, flat between the eyes.
- Short neck.
- Rounded shoulders.
- Short arms and legs.
- Knee cap slips to one side.
- "Pigeon-toed", flat feet.
- Big toe far apart from other toes

**Other possible signs:**

- Elbow, hip and ankle joints may be very loose and flexible.
- 1 out of 3 children with Down Syndrome has heart problems.
- Children with Down Syndrome may develop leukemia (blood cancer).
- Check older children for hearing and sight problems.
- 1 out of 10 children with Down Syndrome has deformed neck bones which can slip and pinch the nerve cord in the spine. This may cause sudden or slowly increasing paralysis or sudden death.


**What can I do to Help?**

There are 3 main concerns when caring for a child with Down Syndrome:

1. **Help the child to develop his / her mental and physical abilities.**
   A child with Down Sydrome's physical and mental development is slower than normal, but they can still be taught to do many important jobs. Sometimes they do repetitive jobs as well or even better than other people. People taking care of a child with Down Syndrome needs to be very patient with him / her and from a very early age do all that they can to help the child develop his / her capabilities.

2. **Protect the child from infectious diseases.**
   Children with Down Syndrome get sick more often than other children. They can easily catch colds, bronchitis, pneumonia and other infections. So it is very important to protect their health.

3. **Prevent and correct deformities.**
   Check all newborns for possible dislocated hip so that it can be corrected as soon as possible. For children whose big toe sticks out, do not use hard shoes that bend the big toe inwards, rather allow the child to wear soft shoes or sandals.



POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# Ngwathe: Hoë bedank, lang swye

Ngwathe se nuwe munisipale bestuurder, Me N Baleni, het op 8 Maart skriftelik haar bedanking "om persoonlike redes en met onmiddelike effek" ingedien. Raadslede is eers byna twee weke later (vandeesweek Maandag) daaroor ingelig. Hulle is toe op "onwettig kort kennisgewing " genooi na 'n spesiale vergadering eergistermiddag om 'n waarnemende munisipale bestuurder aan te stel. Na skerp regsbesware vooraf op die vergadering deur Rdl Phillip van der Merwe (VF+), 'n prokureur, is sy voorstel aanvaar dat die Provinsie versoek word om onmiddellik 'n gekwalifiseerde waarnemende bestuurder beskikbaar te maak, sodat Ngwathe drie maande tyd kry om sy eie permanente keuse te kan werf en aanstel.

Intussen gons dit oor die skokbedanking, en waarom dit so lank verswyg is. Die DA-sweep, Rdl Small Sehume, het binne dae 'n gerug daaroor gehoor, en dit met sy sewe DA-koukuslede gedeel.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het dadelik kommentaar van senior ANC-raadslede probeer kry: "If true, I trust you will insist that it be announced immediately. If not, deny it. Uncertainty paralyses, I think you will agree." Schoonwinkel sê dis vreemd dat só 'n belangrike gebeurtenis byna twee weke lank verswyg is. "Wat anders word van ons weerhou?" vra hy. "In DA-beheerde munisipaliteite word die publiek bykans onmiddellik oor belangrike munisipale sake ingelig."

Rdl Van der Merwe sê aan Herald dat die poste van drie ander senior direkteurs vakant is. 'n Derde persoon al neem nou nog tydelik waar nadat die Finansiële Hoofbeampte verlede Julie reeds bedank het. "Dis rampspoedig vir Ngwathe se geldsake," sê hy. Hy is ook "diep bekommerd" dat belangrike staande komitees nie vergader nie - ten spyte van sy en ander opposisielede se herhaalde versoeke en "selfs dreigemente". As voorbeeld noem hy dat die belangrike Infrastruktuurkomitee maandeliks moet sit, maar dit nie doen nie, hoewel hierdie komitee toesig moet hou oor water, riool, en kragvoorsiening. Hy sê die versuim ontneem raadslede van die kans om probleme te bespreek en regstellende optrede te eis.

Hy en die DA het klagtes van pligsversuim teen Tegniese Direkteur Malunga ingedien. "Maar dit is nie verder gevoer nie." Hy gaan nou op parlementêre vlak die ministers van Cogta (plaaslike regering) en water en sanitasie laat versoek om in te gryp.

# Vreedsame betoging



Terwyl baie inwoners van Heilbron Maandag hul bekommernis getoon het oor die nasionale stilstand-betoging wat deur die EFF gehou is, was dit een van die rustigste optogte wat tot dusver plaasgevind het. Hoewel sommige besighede gesluit was, het baie wel hul deure oopgehou. Ongeveer 80 betogers het deelgeneem aan die optog, terwyl dit wou voorkom asof daar amper meer SAPD-lede as betogers was. Polisielede was orals te sien, selfs in privaatvoertuie om te verseker dat betogers nie handuit ruk nie.

Die EFF het baie kritiek reg oor die land ontvang, wat die optog as 'n verleentheid vir Malema beskou het. Tydens die memorandum-oorhandiging by die Uniegebou het lede reg oor Gauteng daar bymekaar gekom. Dit word beweer dat daar maar ongeveer 3000 mense teenwoordig was. Die party hou egter vol dat dit 'n reusesukses was. Dit is 'n positiewe teken dat daar nie geweld of onrus plaasgevind het tydens die betoging nie.

Baie inwoners van Heilbron was bekommerd oor die moontlikheid van vernietiging van eiendom, maar hierdie vrese was ongegrond. Die EFF het verantwoordelik opgetree tydens die betoging en hulself tydens die betoging beheer.

Alhoewel sommige mense mag dink dat die optog 'n mislukking was, is dit belangrik om te onthou dat die EFF die geleentheid gebruik het om hul standpunte te beklemtoon, en ŉ duidelike boodskap aan President Ramaphosa te stuur dat hulle moeg is vir swak diens, hoë kospryse en dat hulle aandring op sy bedanking as President.

In hierdie geval was die EFF suksesvol in hul poging om 'n vreedsame betoging te hou sonder om die openbare orde te versteur. Die optog was 'n positiewe stap in die rigting van vreedsame burgerlike gehoorsaamheid.

# Lisensiekantore weer oop

Motoriste in Petrus Steyn en distrik hoef nie meer ver te ry om hul lisensies te hernu nie. Na 'n paar weke se sluiting weens 'n slang wat in die kantore weggekruip het, is die lisensiekantore weer oop en volledig toegerus.

Die sluiting van die kantore het ongetwyfeld ongerief veroorsaak vir motoriste, maar die nodige voorsorgmaatreëls moes getref word om die slang te vang en die kantore weer veilig te maak. Dit is bemoedigend om te sien dat die veiligheid van die publiek en die personeel van die kantore 'n prioriteit is vir die plaaslike owerhede.

Die heropening van die lisensiekantore sal ongetwyfeld 'n verligting wees vir baie motoriste wat lank gewag het om hul lisensies te hernu en sal die diens aan motoriste waarskynlik vinnig en sonder probleme verloop.




*Personeel van Petrus Steyn lisensiekantore.*


HIGH FERT KUNSMIS

**HIGH FERT (PTY) LTD**

High Fert Perseel
Langs VKB Graansilo
Petrus Steyn, 9640
Tel: 058 247 0996
Cell: 083 560 9807

Posbus 257
Petrus Steyn, 9640
e-mail: bestuur@highfert.com
BTW nr: 4170263323

**Produksie Bestuurder – Highfert Kunsmis**

**High Fert Kunsmis is opsoek na n passievolle en gedrewe produksie bestuurder vir sy kunsmis aanleg in Petrus Steyn.**

**Verantwoordelikhede:**
- Organisering en beheer van die produksie proses in die fabriek
- Produkte volgens spesifikasie vervaardig
- Produkte vervaardig volgens tydlyne
- Gehalte beheer van die produkte
- Personeelbestuur op aanleg – permanente en tydelike werkers
- Logistiek rondom produk lewering
- Bestuur van die onderhoud van die aanleg

**Kwalifikasies verlang:**
- BSC Chemie kwalifikasie sal voordelig wees
- Vorige ondervinding in soortegelyke posisie sal voordelig wees
- Vermoë om met mense te werk
- Bereid wees om naweke en in seisoen lang ure te werk

**Vergoedingspakket:**
- Markverwante Basiese salaris afhangend van ervaring en kwalifikasies
- Produksie gekoppelde bonus struktuur
- Kommunikasie toelaag
- Woonplek – slegs verantwoordelik vir eie elektrisiteitsverbruik

**Aansoeke sluit die 14de April 2023 en kan aan bestuur@highfert.com ge-epos word.**








SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Celliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Hermerk van vraestelle bring blydskap

Die volgende Hoërskool Heilbron leerders van die Matriekklas 2022 het onlangs onderskeidings ontvang na hulle van hul vraestelle laat hermerk het. Hierdie prestasies verdien beslis 'n hartlike gelukwensing. Alden Peach het 80% verower vir IGO terwyl Janke Pretorius 'n indrukwekkende punt van 70% behaal het vir Lewenswetenskappe. Jané Janse van Rensburg het 'n uitstekende punt van 80% vir Afrikaans en 'n verdienstelike 70% vir Lewenswetenskap en Fisiese Wetenskap ontvang.

Dit is beslis 'n groot prestasie vir hierdie leerders, aangesien die Matriek-jaar een van die mees veeleisende en uitdagende jare in 'n leerder se skoolloopbaan is. Dit is egter 'n getroue weerspieëling van die harde werk, opoffering en toewyding wat hierdie leerders gedurende hul skooljare vertoon het.





*Op die foto bo vl: Alden Peach en Janke Pretorius.*



*Foto links: Jané Janse van Rensburg.*

# Besoek tandarts



*Die kleuters van Kleuterkasteel was Vrydag opgewonde om 'n besoek aan Dr. Marge se spreekkamer af te lê. Dit was 'n uitstekende geleentheid om meer te leer oor die belangrikheid van goeie mondgesondheid. Dr. Marge het die kleuters hartlik verwelkom en 'n kort lesing gegee oor die funksie van die tande, die verskillende soorte tande, en hoe om dit behoorlik skoon te hou. Die kleuters het dit baie geniet om in die tandartsstoel te sit en te ervaar hoe Dr. Marge 'n paar van hul tandjies nagegaan het. Sy het hulle ook gewys hoe om hul tande te skrop en hul tonge skoon te maak. Hierdie besoek was 'n waardevolle en leersame ervaring vir die kleuters van Kleuterkasteel. Hulle het goeie kennis opgedoen oor tandheelkunde en mondgesondheid.*

*Op die foto bo: Dr Marge, Connie Fourie en van die kleuters.*

# Bronnies toer na Brandfort

Die O/12 en O/13 netbalspanne van Hoërskool Heilbron het die afgelope week 'n opwindende toer na Brandfort gehad. Die meisies het hul vaardighede getoon en 'n paar lekker wedstryde gespeel teen sterk teenstanders. Hierdie toer het nie net die meisies se spel verbeter nie, maar ook 'n goeie geleentheid vir voorbereiding gebied vir die opkomende liga in die tweede kwartaal.

Die meisies het hard gewerk om hul vaardighede te verbeter en om as 'n span saam te werk. Die toer was 'n uitstekende geleentheid om mekaar beter te leer ken en 'n sterk gemeenskaplike gees te skep. Dit was 'n baie positiewe ervaring, wat nie net hul vaardighede op die baan verbeter het nie, maar ook hul vertroue in mekaar as 'n span versterk het.

Die Hoërskool Heilbron se O/12 en O/13 netbalspanne het bewys dat harde werk en toewyding vrugte kan afwerp. Die meisies het nie net 'n paar lekker wedstryde gespeel nie, maar ook 'n baie belangrike stap geneem om hulself voor te berei vir die opkomende liga. Hierdie toer het bewys dat die meisies van Hoërskool Heilbron 'n talentvolle en hardwerkende groep is wat gereed is om enige uitdaging aan te pak.



*Op die foto vl: Shandi Prinsloo, Amoré Rochat, Allison Esterhuizen, Cheree Janse van Rnsburg, Tiffany van Rooyen, Lee-Anne Viviers, Tinique Ruiters, Lisa-Liné Rheeder, Biance Hayes.*

Die 0/13 rugbyseuns van Hoërskool Heilbron het onlangs van 15 tot 17 Maart na Brandfort getoer en het beslis hul stempel by die toer afgedruk. Met die seisoen wat voorlê, is die seuns slaggereed om hul teenstanders aan te pak en op te tree as ware kampioene.

Die eerste wedstryd van die toer was teen Saints B en die seuns van Heilbron het dit met 'n oortuigende telling van 29-10 gewen. Hierdie was 'n goeie begin vir die seuns en het hul vertroue versterk vir die res van die toer.

Die tweede wedstryd was teen Senekal wat 'n baie stewige teenstander was. Die seuns van Heilbron het egter hard gewerk en die wedstryd met 'n telling van 17-10 gewen. Dit was 'n verdere bewys van die toegewydheid en harde werk wat hierdie jong rugbyspelers in hul spel plaas.

Die laaste wedstryd van die toer was teen Clocolan en dit was 'n wedstryd waarin die Heilbron-span regtig hul rugbyvaardighede kon wys. Met 'n telling van 48-10 het die seuns van Heilbron die wedstryd met oorgawe gewen en het hulle hul toer op 'n hoë noot afgesluit.

Hierdie rugbyseuns het bewys dat hulle baie goeie spelerpotensiaal het en is slaggereed vir die seisoen wat voorlê. Hulle het hard gewerk, hul vaardighede verbeter en is gereed om enige teenstander aan te pak. Dit is baie opwindend om te sien hoe hierdie jong spelers in die toekoms sal vorder en ons kan nie wag om hul suksesse te sien nie. Baie geluk aan die Heilbron 0/13 rugbyseuns op 'n suksesvolle toer!



# Netbal geesvang by die Laerskool

Laerskool netbal is nie net 'n sport nie, maar dit is ook 'n geleentheid om die gees van die spanlede te bevorder. Net voor die kwartaal eindig, het die meisies 'n geesvangmiddag gehou om hul geesdrif en samewerking te verbeter. Die meisies het nie net op die netbalbaan gevaar nie, maar ook 'n paar prettige aktiwiteite geniet.

Elke speler het funky kouse aangetrek en hul sokker- en balvaardighede getoon. Dit was nie net 'n prettige manier om almal se vaardighede te verbeter nie, maar ook om die verhouding tussen die meisies te versterk. Die spanne het ook 'n waterballon geveg gehou, wat 'n absolute hoogtepunt was vir almal.

Bronnie-netbal is beslis lekker en dit is duidelik dat die meisies nie net in netbal geïnteresseerd is nie, maar ook oor die saamkuier en die bevordering van 'n positiewe gees in die span. Hierdie geesvang het gehelp om die meisies se vertroue in mekaar te bou en 'n gevoel van gemeenskap binne die span te skep.

Netbal gaan nie net oor die fisieke aspekte nie, maar ook oor die geestelike en emosionele welstand van die spelers. Dit is belangrik om die gees van die span te bevorder en die meisies van die Laerskool is 'n uitstekende voorbeeld van hoe dit gedoen kan word. Hulle is nie net 'n talentvolle groep spelers nie, maar ook 'n span met 'n sterk gemeenskaplike gees.











# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAE LÊ

In die boedel van **WYLE JACOBUS PETRUS JOHANNES VAN DER MERWE,** Identiteitsnommer 450306 5084 088, woonagtig te Nicolhof Woonstel 1, Kerkstraat, Heilbron, 9650, oorlede op 22 Desember 2021, ongetroud.
**BOEDELNOMMER: 11983/2021**
Geliewe kennis te neem dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening van bogemelde Boedel by die Landdroskantoor Heilbron en die Meester van die Hoë Hof Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 (een-en-twintig) dae gereken vanaf 24 Maart 2023.
Geteken te Heilbron op hierdie 10de dag van Maart 2023.
**NAAM EN ADRES VAN EKSEKUTEUR:**
**CORNELIA JOHANNA GREEFF**
**NICHOLHOF WOONSTEL 1**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 082 471 2099**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **HELENA NAUDE,** Identiteitsnommer 491026 0098 08 8, wat woonagtig was te Breëstraat 25, Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 15 Januarie 2021,
**BOEDELNOMMER: 002731/2021**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **ANNA SOPHIA BROODRYK,** Identiteitsnommer 340305 0003 089, ongetroud in lewe 'n pensioenaris, woonagtig Huis Bron-van-Heil, Heilbron
**BOEDELNOMMER: 008839/2020**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer
**TE12932/2009 passed by**
**DORPSRAAD VAN PHIRITONA**
In favour of
**1. DAVID MLANGENI**
**Identity number: 750610 6038 085**
**Unmarried**
and
**2. NTSOAKI ALINA MOFOKENG**
**Identity number: 740704 0304 081**
**Unmarried**
**In respect of:**
STAND NUMBER 1959 Phiritona, district Heilbron, Province Free state in Extent 363 (Three Hundred and Sixty Three) Square metres held by Deed of Transfer TE12932/2009, which has been lost of destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 20th day of March 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za

# DIENSTE • DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**






WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

Herald Office National
NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing: invoice books receipt books delivery books order books Individually numbered Duplicate, triplicate & more
100% OPERATIONAL


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 15 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |




# SMALLS


BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hollebeekstraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD Sport

# Gekkedag volgende naweek



*Saterdag se opkoms was ietwat aan die beter kant, maar wees op die uitkyk vir volgende Saterdag se Gekkedag-kompetisie. Die "April Fools" gholfdag is bedoel vir almal wat dink hulle kan gholf speel of graag wil gholf speel. Saterdag se wenners het almal gelyk geëindig op 37 punte, maar Jackie Leonard se beter tweede nege het aan hom die eerste plek besorg. Johan Nelson (regs) word tweede geplaas en Eben Stander derde. Daar sal môre gewone spel wees vanaf 11:00.*

# Rolbal Meesters toernooi

Soos verlede week berig het die room van Suid Afrika se rolbalspelers in Kaapstad saamgetrek vir die jaarlikse Rolbal Meesterstoernooi.

Hierdie kompetisie is een van die kompetisies in Suid Afrika waar spelers se talent, konsentrasie en fokus bymekaar kom om hulself teen ander spelers te meet, want elke speler is 'n meester in eie reg.

Natuurlik was Heilbron Rolbalklub trots daarop dat een van sy lede gekies is om aan hierdie kompetisie deel te neem.

In Suid Afrika se rolbalgemeenskap, asook internasionaal, het Rudi Jacobs geen bekendstelling nodig nie.

Rudi wen al sy voorafwedstyde en toe met die finaal Sondag, word dit 'n riller van 'n wedstryd.

Na 2 stelle van 9 koppe elk eindig hulle gelykop en drie ekstra koppe moet gespeel word. Weereens eindig die twee spelers gelykop en word 'n "sudden death" afgedwing.

Slegs een kop word gespeel en die speler wat die wenskoot hier speel sal as wenner met goud wegstap.

Naelbyt en senuwees, slegs die twee spelers wat op daardie stadium speel sal daarvan kan vertel.

In rolbal taal, Rudi hou twee skote, wenskote, maar dan speel die opponent dààrdie een bal, in gholf daardie "hole in one" om sodoende as wenner te eindig, met Rudi wat as naaswenner sy tweede silwer toekenning as veteraan behaal.

Volgende week gaan ons saam met Rudi sy rolbal pad stap. Ons gaan uitvind hoe hy plaaslik en internasionaal by rolbal betrokke geraak het.

Tussen al die prestasies wat Rudi behaal het, is daar èèn wapen wat uitstaan:

DIE VISAREND.

Soos verlede week berig, het JC Pretorius as tegniese beampte by die meesterstoernooi as merker gaan diens doen en volgens terugvoer wat ontvang is, het hy hom uitstekend van sy taak gekwyt, Heilbron bly breëbors.



*Op die foto Rudi Jacobs in aksie.*

# Krieket Uitslae

2nd League 35 over log 2022 / 2023

| Club | Played | Won | Lost | Drawn | Points | Cur ave bonus pnts | Games need bonus pnts | Points |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Meyerton | 8 | 5 | 1 | 2 | 101 | 5.50 | 2 | 112.00 |
| Sasol | 8 | 5 | 2 | 1 | 91 | 4.67 | 2 | 100.13 |
| Old Vaal | 8 | 5 | 1 | 2 | 90 | 4.67 | 2 | 99.13 |
| Vereeniging | 8 | 4 | 2 | 2 | 86 | 4.67 | 2 | 95.38 |
| Heilbron | 8 | 3 | 4 | 1 | 65 | 3.83 | 2 | 72.67 |
| Route 66 | 8 | 2 | 4 | 2 | 54 | 4.20 | 3 | 66.60 |
| Bus Ter Vaal | 8 | 1 | 4 | 3 | 34 | 2.00 | 4 | 42.00 |
| Sharpville | 8 | 0 | 5 | 3 | 26 | 2.20 | 3 | 32.60 |
| Parys | 8 | 1 | 5 | 2 | 29 | 1.50 | 2 | 32.00 |


BETTER BALL SCRAMBLE

HEILBRON



Gholfklub

1 April 2023

APRIL FOOL'S DAY

R200 inskrywings p.p

Halfway ingesluit.

"Non gholfers" welkom

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry

Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs

C/O PLEIN & CILLIERS STREET

082 344 7005

016 976 2019

WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Dr Nthabiseng Matla

PR 0955566

068 596 2426 | 067 931 3542

DR NTHABISENG MATLA HEALTH & WELLNESS CENTRE

Services Provided:

- Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
- Antenatal and Post natal Care
- Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
- Immunizations and baby wellness services
- Men's health : circumcisions and Prostate screening
- Medical Reports and PDPs
- IV Vitamin Therapy
- Mental health and Counseling services
- Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
- Contact and online sessions for all services
- We also do House calls on request

SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US

Dr. Matla dr_matlan

REMAX POOLS AND LAPAS



MARCH SPECIALS

4 x 3 POOL + 4 x 4 LAPA = R 40 000
5 X 3 POOL + 5 X 3 LAPA = R 45 000
6 X 4 POOL + 6 X 4 LAPA = R 49 000
7 X 4 POOL + 7 X 4 LAPA = R 55 000
8 X 4 POOL + 8 X 4 LAPA = R 65 000
40 X 4 POOL + 10 X4 LAPA = R 80 000
10 X 15 POOL + 10 X 15 LAPA = R150 000
10 X 20 POOL = R200 000

CALL 082 306 7077

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 27 MAART 2023

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 28 MAART 2023

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG -29 MAART 2023

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

STANDERTON Varkveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 30 MAART 2023

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 31 MAART 2023

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071

EST.2021 OJ'S ON LONGMARKET

058 852 1319

BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00

50% afslag op alle kos items!

Slegs geldig op Donderdae gedurende Maart 2023 | Alle drankies uitgesluit